## DIE FONDASIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** dksmith1000@gmail.com


**ACIM: Stad: 23 April 19h30**
**Kolping: 3 Mei 19h30**
**Geskiedenis van die Bybel 12/19 Mei**

**BOEKGROEP**
**Maandag 7 Mei 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________________________

E-Mail____________________________________ Sel______________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM
## 22 APRIL 2018
## ~ LIFE IS A JOURNEY ~
## 'N REIS NA GOD IN JESUS

## STILTE IN DIE KAPEL

~ HEBREW LOVE SONG — OFRA HAZA ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Hy deur wie die Sewester en Orion gemaak is,
Hy wat die donker in oggendlig verander
En die dag donker nag laat word,
Hy wat die water van die see roep
En dit oor die aarde uitstort,
Sy naam is die Here.

— **Amos 5:8** —

"Want van waar die son opkom
tot selfs waar hy ondergaan,
word my Naam grootgemaak deur die nasies,
en in elke plek word daar wierook geoffer
in my Naam, 'n spysoffer wat suiwer is;
want my Naam is groot onder die nasies,"
sê die Here van die leërskare

— **Maleagi 1:11** —

## STILTE VAN BINNE

# Die Ewolusie in ons Verstaan van God

"Daarna het Job vir die Here gesê: "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit. Wie is dit wat U bedoelinge wou dwarsboom sonder dat hy insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: U wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie. U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My. Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien" — **Job 42:1-5**

- **A Journey <u>without</u> Christ** — wanneer ons vergeet om te onthou
- **A Journey <u>with</u> Christ** — wanneer ons verduidelik sonder ervaring
- **A Journey <u>IN</u> Christ** — waar 'n ervaring die wysheid word wat gedy

================================================================

**I become alive to God through Jesus.** Vir my is Jesus die vergestalting van 'n mens wat God reflekteer vanuit sy menslikheid. Vir wie dit nie gegaan het oor wette en beperkinge van menslike reëls en heinings nie maar om deur liefde, en liefde alleen, elkeen wat oor sy pad gekom het te herinner en te inspireer om 'n beter weergawe van hulself te wees, to surrender to our brighter Self, and to live in the fulness of our humanity! To be whole and love beyond our human abilities!

Ek is nie 'n Christen sodat God aan my kant sal wees nie, en allermins nie uit vrees vir 'n hel of met die oog op 'n hemel nie. Ek is 'n Christen omdat dit vir my 'n fondasie gee om my potensiaal te bereik. Dit is 'n leivoor na die boord waar die vrugte van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing vrylik beskikbaar is. Dit is 'n anker wanneer ek seer het omdat dit my leer wat is compassion. Dis die seile wat my terugbring huis toe as ek gedaan is van strome en storms. Ek is 'n Christen want dit maak van my 'n beter mens.

================================================================

# Die Ewolusie van Inklusiwiteit en Uitreiking

"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen." — **Matteus 28:18-20**



# <u>GIVING</u> TRANSFORMS HAVING INTO <u>BEING</u>



## ~ Children's Song — Øystein Sevåg ~

One day, the Light entered me and saved me from mundaneness,
saved me from weight, from gravity, from death.
In those moments, on that day, I saw and I knew that Light is
what gives you back your original wings, the wings that you had
but you have already forgotten.
There is nothing that Light cannot conquer, and so, I chose to be Light.
I chose to Light Up.
I chose an incredible lightness of being. I chose to light up the street,
the city, the air, the face, the heart, the room, the home, the mind!
There was no other option left — only this one.
Because I chose this One over all the others. I have known all,
and I have chosen One. I will Light Up, always, I will Light Up.
The Light saved me, and it may stay in me, to build a home in me,
a house in me, the Light may shine in me, forever and always.
It chose me, and I chose it. We chose each other."

**— C JoyBell C —**

"Hy het vir jou gesê, O mens, wat is goed
En wat vra die Here van jou:
om geregtigheid te laat geskied
Om welwillendheid lief te hê
En om nederig te wandel met jou God."

**— Miga 6:8 —**

# Be the <u>Awareness</u> of the <u>Presence</u> of God

## ~ Priester Seënbede — Numeri 6:24-26 ~

## ~ Cantoluna — Secret Garden ~